

Sing vooraf staande: Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^{en} in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgeenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde^{en} volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Skriflesing: Romeine 3:21-4:12; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 22

Kernvers: Romeine 3:28; 4:3-5

Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.

(Romeine 3:28; 4:3-5 AFR53)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 22

Ons regverdiging deur die geloof

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat

Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.

Ps 51:8; Efes 1:17-18; 1 Tess 1:6; 1 Kor 2:12; Gal 2:21; Jer 23:6; 1 Kor 1:20; Jer 51:10; 1 Kor 15:3; Matt 1:21; Rom 8:1; 3:20, 28; Gal 2:16; Heb 7:19; Rom 8:29, 33; Hand 13:28; 1 Pet 1:4; Rom 10:3, 5, 9; Luk 1:77; Tit 3:5; Ps 32:1; Rom 4:5; 3:24, 27; Fil 3:9; 2 Tim 1:9; Ps 115:1; 1 Kor 4:7; Rom 4:2

Tema: Deur die geloof alleen word jy regverdig verklaar met Christus en sy werk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het die Heilige Gees ons aan die hand van die heel eerste sin in Artikel 22 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis gewys waarvandaan ware geloof kom en waaruit dit bestaan. Ter wille van helderheid herinner ons onself net weer aan die oorsprong van die ware geloof en waaruit dit bestaan. Ware geloof bestaan uit twee weselike elemente waarby die hele mens betrokke is.

Die eerste element is die vasstaande kennis. Die Heilige Gees – en niemand anders nie – oortuig 'n mens daarvan dat die Bybel die Woord van God is. Hy oortuig 'n mens daarvan op geen ander manier nie as juis met die Bybel self. Die Heilige Gees verlig 'n mens se verstand en lei 'n mens so dat wanneer jy die Bybel lees jy dit ook kan verstaan. Met die Bybel leer die Heilige Gees die mens wie God is, naamlik die Vader wat alles geskep het en dit steeds onderhou en regeer, die Seun wat mens geword het om mense van die sonde en die heerskappy van die Satan te verlos, en die Heilige Gees wat in die uitverkore mense van God woon en werk sodat hulle heilig en onbevlek voor God kan lewe.

Hoe meer en hoe langer en hoe indringender 'n mens die Bybel lees en bestudeer, hoe meer oortuig die Heilige Gees 'n mens ook daarvan dat die Woord van God waar en seker is. Alles wat die Here vir die mens in die Bybel neergeskryf het, kan as die volle waarheid aanvaar word. Sodoende laat die Heilige Gees die vasstaande kennis in 'n mens groei en gevestig raak.

Maar die Heilige Gees gaan veel verder as om net die blote kennis by 'n mens te vestig. Saam met die vasstaande kennis werk die Heilige Gees ook 'n vaste vertroue in 'n mens se hart. Geloof is immers nie net 'n saak van 'n mens se verstand nie. Die geloof is nie net die versameling van 'n klomp kennis waaroor 'n mens die een of ander toets moet aflê om dan eers deel te kry aan Christus en al sy weldade nie. Indien dit so gewerk het, sou dit mos beteken dat net die mense wat baie goed kan onthou wat hulle gelees het en dit presies so kan weergee kinders van God kan wees en die ewige lewe kan ontvang. En as hulle klaar vir die kerkraad op al die vrae mooi en korrek geantwoord het, hoef hulle nie meer hulle gesigte in die gemeente te wys nie. Hulle ken mos alles en daarom, so dink hulle, is hulle nou gered.

Nee, geliefdes, geloof is 'n saak van die verstand en hart gelyktydig. Hoe langer hoe meer die Heilige Gees die vasstaande kennis in 'n mens vestig, hoe langer en hoe meer laat Hy ook 'n vaste vertroue in 'n mens se hart groei. God wil nie net hê dat mense moet weet dat Hy die Vader, Verlosser en Heiligmaker is nie. God wil ook hê dat ons werklik al ons vertroue op Hom alleen sal vestig. Hy wil hê dat ons Hom met alles in ons lewe sal vertrou, meer as wat jy jou eie pa sal vertrou. Hy wil hê dat ons die vaste vertroue sal hê dat Jesus Christus nie net vir ander mense nie maar ook vir jou sonde ten volle betaal het aan die kruis. En Hy wil hê dat ons ons vertroue op die Heilige Gees sal stel en

die beheer van ons lewe aan Hom sal oorlaat. Hy wil ook hê dat jy Hom so sal vertrou dat jy nou reeds verseker kan sê dat jy met die wederkoms van Jesus op die nuwe aarde saam met God sal lewe.

Broers, susters en kinders, ons hoor dus dat geloof nie uit onself na vore kom nie maar deur die Heilige Gees in ons tot stand gebring word. Die Heilige Gees laat 'n verhouding van vertrouende kennis in die mens groei. Geloof is dus die verhouding met God waarin die gelowige geheel en al van homself afsien en net leef van wat God in Christus en om Christus ontwil vir hom gee.

Die saak waaroor dit eintlik in Artikel 22 gaan is dat ons voor God regverdig is of geregverdig word deur God. Om geregverdig te word voor God, is in die Nuwe Afrikaanse Vertaling van Bybel met *vryspraak* of *vrygespreek* vertaal. Iemand wat vrygespreek is, word nie weer vervolg nie. So iemand is dan ook nie skuldig nie. Hierdie begrip *vryspraak* is vir ons nie onbekend nie. Wanneer iemand van 'n misdaad aangekla word en daar word tydens die hofsaak bewys dat die persoon glad nie die misdaad gepleeg het nie, word hy deur die regter vrygespreek. So 'n persoon stap dan as 'n vry mens uit die hof uit. Hy word ook nie verder oor daardie misdaad vervolg nie.

In die gedeelte voor Romeine 3:21 leer die Heilige Gees ons by monde van Paulus dat alle mense voor God skuldig staan oor hulle sonde. Of hulle nou Jode is of nie, almal wat leef of geleef het of nog sal leef, staan voor God skuldig. Daar is nie een mens wat regverdig is nie. Daar is nie een mens wat honderd persent leef soos wat God dit wil hê nie. Niemand is van nature of uit sy eie sommer gehoorsaam aan God nie en niemand het uit sy eie God en sy naaste lief nie. Intendeel, alle mense is van nature geneig om God en hulle naaste te haat.

Ons het tevore, toe ons by Artikel 20 en 21 stilgestaan het, daarop gelet dat die enigste regverdige straf vir die sonde die dood is. Op geen ander manier kan hierdie sondeskuld ten volle betaal word nie. Nie eers deur die wet te onderhou, soos die Jode gedink het, sal genoegsaam wees om die sondeskuld voor die oë van God te bedek of weg te neem nie. 'n Mens kan nie deur die wet te onderhou jou skuld by God afwerk nie; jy leer eerder uit die wet ken hoe skuldig jy werklik is. Jy leer hoe ver jy tekort skiet aan die hoë standaard wat die Here stel en jy kom agter dat jy inderwaarheid jou skuld daagliks net meer maak omdat jy van nature tot sonde geneig is.

Maar nou het God sy eie Seun na hierdie wêreld toe gestuur en Hom mens laat word. Wat die mens nie self kan doen nie en wat die wet ook nie by magte was om te doen nie, dit het God deur Jesus Christus self kom doen. Jesus Christus, die sondelose en volmaak regverdige Seun van God, kom word 'n mens om in ons plek as 'n sondaar behandel te word. Jesus Christus het in ons naam voor sy Vader gaan staan om in ons naam as 'n misdadiger behandel te word. Soos 'n misdadiger is Jesus Christus dan ook gekruisig en saam met sondaars was Hy in sy dood. Die prys wat ons vir die sonde moes betaal het, het Jesus Christus in ons naam betaal. Die smarte en angste van die hel wat ons tot in ewigheid moes verduur het, het die Seun van God gely toe Hy van sy Vader verlate was. Met sy kosbare bloed het Jesus Christus die volle prys vir ons sondeskuld betaal.

Geliefdes, die versoening wat Jesus Christus vir mense aan die kruis bewerk het, is so volmaak dat geen mens ooit iets meer en by Jesus se offer hoef te doen nie. Nooit hoef daar ooit iets gedoen te word om die skuld van mense voor die oë van God weg te neem nie. Die bloed van die Lam van God is genoeg om al die sondes van al die mense weg te was. As ons dan moet antwoord hoe mense voor God geregverdig is, kan ons net een antwoord gee en dit is Jesus Christus. Hy is ons Geregtigheid.

Nou hoor ons in Romeine 3:28 hierdie woorde:

Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie. (Romeine 3:28 AFR83)

Met die laaste deel van hierdie vers het ons nie probleme nie, want ons weet ons kan nie ons sondeskuld by die Here wegwerk deur die wet te onderhou nie. Ons probleem kom by die eerste deel van die vers. Soos dit vertaal is, kan 'n moedswillige mens die afleiding maak dat die mens se geloof die rede is hoekom God die mens regverdig verklaar. As geloof die rede was hoekom God mense van hulle sonde vryspreek, sou dit beteken dat die mense self iets doen – hulle glo – en omdat hulle glo, word God daartoe verplig om hulle regverdig te verklaar.

Maar ons weet egter dat geen mens iets goeds kan doen of uitdink om te doen nie, nie eers om in God te glo nie. Die moedswillige mens sal dan op hierdie punt wil sê: Sien jy, daar weerspreek die Bybel hom dan nou. Ek en jy weet egter dat die Bybel homself nie kan weerspreek nie, want God sal Homself nooit weerspreek nie.

Die Ou Afrikaanse Vertaling bring ons egter op die spoor om die saak beter te kan begryp. Ons lees daar:

Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. (Romeine 3:28 AFR53)

Wanneer die Here sê *deur die geloof* beteken dit *deur middel van die geloof*. Kom ons probeer dit met 'n beeld ophelder. Ons weet almal wat 'n tuinslang is. 'n Mens kan sê dat jy jou tuin natmaak deur middel van die tuinslang. Maar dit beteken tog nie dat die tuinslang self die tuin natmaak nie. Daar moet water in die tuinslang wees waarmee jy eintlik die tuin natmaak. Die tuinslang is dus die instrument waarmee jy die water in die tuin kry.

Deur middel van die geloof word die mens geregverdig sonder die werke van die wet. Dit is nie die geloof self wat ons regverdig maak nie. Dit is nie omdat 'n mens glo dat God nou verplig is om hom vry te spreek nie. Niks wat ons doen kan God verplig om enigiets vir ons te doen nie. Wat God ook al doen, doen Hy omdat Hy God is. En as Hy 'n mens vryspreek, spreek Hy die mens nie vry oor iets wat die mens doen of gedoen het of nog sal doen nie – Hy spreek die mens vry omdat Hy hom liefhet. Die geloof is eerder die kanaal waarlangs of waardeur 'n mens regverdiging ontvang.

Aan die hand van die beeld wat Paulus in Romeine 4:4 gebruik, kan ons dit ook so stel: As geloof die rede was hoekom God mense vryspreek, dan het hulle mos die vrypraak met hulle eie geloof verdien. Wat 'n mens verdien, soos jou loon vir 'n stuk werk, word mos nie uit genade of as 'n guns vir jou gegee nie. Dit word gegee omdat jy dit verdien het. Maar God spreek mense juis uit genade vry. Uit genade verklaar God die mens regverdig.

Die mens het eintlik verdien om te sterf vir sy sondes, maar nou spreek God hom vry omdat Jesus Christus in sy plek gesterf het. Daar is geen mens wat verdien om vrygespreek te word nie. Niemand kan by die Here kom staan en sê: U moet my vryspreek nie. God gee die vrypraak – die geregtigheid – aan die mens om Jesus Christus ontwil. Hieruit lei ons af dat die mens die regverdiging nie kry op grond van sy geloof nie, maar op grond van Jesus Christus se offer aan die kruis. Geloof is dus nie 'n werk van die mens waarmee die regverdiging verdien word of van God geëis kan word nie.

Geloof self is immers 'n geskenk wat die Heilige Gees vir ons gee. Ons glo en bely immers dat die Heilige Gees met die Bybel die vasstaande kennis en die vaste vertrouwe in ons hart en verstand vestig. Ons kan dus nie spog dat die geloof ons eie prestasie is nie. Dit is die Heilige Gees se prestasie. Geloof is inderwaarheid die oop hand wat die Heilige Gees vir elke uitverkore kind van God gee. En binne-in hierdie oop hand sit God Jesus Christus en al sy werke. Alles wat Jesus Christus gedoen het – sy volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van God, sy sterwe aan die kruis oor ons sondes – word letterlik deur God in die oop hand wat ons geloof noem, gesit.

Al wat die geloof dan nou doen, is om Jesus Christus, ons Geregtheid, te ontvang. **Die geloof omhels Jesus Christus en al sy verdienstes.** Deur middel van die geloof aanvaar of ontvang jy dan vir Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en jy soek niks anders as vir Hom om God met jou te versoen nie. As 'n mens dan van geloof as die werk van die mens wil praat, kan 'n mens maar alleen sê dat jy aanvaar wat God deur middel van die geloof vir jou gee. En die Heilige Gees stel 'n mens juis met die Bybel in staat om die geregtigheid te aanvaar, want Hy leer jou om Jesus Christus te ken as die enigste Verlosser en Hy werk in jou die vertrouwe sodat jy prontuit kan sê dat Christus ook vir jou aan die kruis gesterf het.

Die ongeluk, broers, susters en kinders, is dat ons mense so baie maal van die geloof praat en dink asof dit ons eie werk is. Ons hoor en sien hoe ander mense hulle geloof beleef en hoe standvastig hulle bly en ons vergelyk onself met hulle. En die gevolg van hierdie vergelyking is dat 'n mens maklik begin redeneer dat jou eie geloof nie goed genoeg is nie. Naderhand begin jy jou bekommer dat jou geloof te swak is om Jesus Christus te omhels, om regtig die geregtigheid wat God gee, te ontvang. Dan gebeur dit baie maal dat mense begin redeneer dat hulle die een of ander buitengewone ervaring moet beleef of 'n besondere gevoel moet hê voordat hulle voor God regverdig sal kan wees.

Die moeilikheid vir so 'n mens is dat hy begin om iets te soek wat hy by Jesus Christus se verdienste kan voeg om regtig sekerheid te kry dat hy voor God geregverdig is. Dan word daar baie maal gesoek na die een of ander besondere geloofservaring of gebeure ten opsigte van sy geloof. Dit lyk vir my asof hierdie soeke na 'n besondere geloofservaring om sekerheid oor jou regverdiging voor God te kry ook daartoe lei dat mense hulle weer wil laat doop. Hierdie soeke na iets om by Jesus se verdienste te voeg, is nie so onskuldig nie. Daarmee wil die mens immers te kenne gee dat Christus net 'n halwe Verlosser is. Laat ons eerder wegbly van hierdie gruwelike godslastering.

Ons sal nie sekerheid oor ons geregtigheid voor God op hierdie wyse kry nie. Die Here gee self aan ons die sekerheid. Bid eerder dat die Heilige Gees ons geloof steeds meer en meer versterk met die Woord van God. Soek die verkondiging van die Woord met ywer op. Wees ywerig en volhard met getroue Bybelstudie. So vestig die Heilige Gees die vasstaande kennis al meer en groei die vertrouwe al sterker en sal jy oortuig wees dat Jesus Christus jou volledig en volmaak verlos het. Geloof is nie ons prestasie nie, dit is die oop hand wat die Heilige Gees vir ons gee en daarin sit God al Jesus Christus se verdienstes en ons omhels Jesus met die geloof as ons enigste Verlosser.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewige goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.